higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N370**(A)**(J18)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N5

(22020095)

18 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EKONOMIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

Let Wel: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND en moet deur ALLE kandidate beantwoord word.

2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ’n Vorm van invoerreg waarvolgens die tarief as ’n sekere bedrag per eenheid, massa of grootte gehef word, is ’n ... tarief.

A saamgestelde
B ad valorem
C meervoudige
D spesifieke

1.1.2 Fiskale beleid het te make met ...

A die voorraad geld in ’n land.
B die wisselkoers van Suid-Afrika.
C die finansiële beleid van die staat.
D beheer oor staatsinkomste en -besteding.

1.1.3 Die toestand waarvolgens ’n hoë werkloosheidskoers en inflasie terselfdertyd voorkom, is ... inflasie.

A sluipende
B stagflasie
C weghol-
D deflasie

1.1.4 Die grootste bydraer tot die nasionale inkomste is (die) ...

A persoonlike dienste.
B maatskaplike dienste.
C konstruksiebedryf.
D vervaardigingsbedryf.

1.1.5 ... is ’n strafregtelike handeling waarvolgens die individu onregmatige metodes gebruik om die betaling van belasting te ontduik, soos om inkomste te onderrapporteer, aftrekkings of uitgawes te infleer en geld weg te steek.

A Belastingvermyding
B Belastingafwenteling
C Belastingontduiking
D Trefwydte van belasting

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Tegnologiese ontwikkeling as 'n belangrike metode om die ekonomiese groeikoers van 'n land te versnel, hang af van ...

A die persentasie van 'n land se inkomste wat jaarliks aan basiese navorsing en ontwikkeling bestee word.
B die beskikbaarheid van entrepreneurs in 'n land.
C die benutting van goedere en dienste deur die permanente burgers van 'n land.
D die skakeling van produksiefaktore om goedere en dienste te lewer.

1.1.7 Mnr Tema was 'n werknemer van UMALUSI en het in Januarie 2018 bedank. Hy is tans op soek na werk en is werkloos. Dit is 'n voorbeeld van ... werkloosheid.

A sikliese
B wrywings-
C seisoenale
D strukturele

1.1.8 Hierdie produksiefaktor verwys na fisiese en menslike inspanning wat in die produksie van goedere en dienste gebruik word.

A Grond
B Arbeid
C Kapitaal
D Entrepreneur

1.1.9 Die vergoeding vir die produksiefaktor grond is ...

A huurgeld.
B rente.
C wins.
D lone.

1.1.10 'n Verskeidenheid ekonomiewye verskynsels word deeglik bestudeer, byvoorbeeld inflasie, prysvlakke, groeikoers, nasionale inkome, bruto binnelandse produk en veranderinge in werkloosheid. Dit verwys na ... ekonomie.

A mikro-
B makro-
C ontwikkelende
D internasionale

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die primêre bron van staatsinkomste is inkomste wat uit skenkings verkry word.

1.2.2 Hiperinflasie kan beskryf word as 'n situasie in die ekonomie waar die waarde van die geld heeltemal vernietig word.

1.2.3 'n Styging in invoere sal waarskynlik tot 'n daling in nasionale inkome lei.

1.2.4 Wedersydse handel vind plaas omdat lande verskillend met grondstowwe bedeel is.

1.2.5 'n Styging in werknemers se salarisse sal meer besteding aan goedere en dienste veroorsaak. Dit is 'n voorbeeld van vraaginflasie.

1.2.6 Goedere in bewerking verwys na daardie goedere wat gereed is vir menslike verbruik.

1.2.7 Die prys van die eindproduk is een van die faktore wat die vraag na arbeid beïnvloed.

1.2.8 Invloei van geld word as 'n krediet op die betalingsbalans gehanteer, en uitvloei van geld word as 'n debiet gehanteer.

1.2.9 Nasionale inkome kan slegs deur die markwaarde van tussengoedere bepaal word.

1.2.10 In ekonomie is oorbesteding die bedrag waarmee die potensiële BBP werklike volle-indiensneming-BBP oorskry.

(10 × 2) (20)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing/woord/item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Produktiwiteit	A	sekere noodsaaklike goedere en dienste kan nie deur private ondernemings voorsien word nie weens groot kapitaalbesteding
1.3.2	Verstedeliking		
1.3.3	Inflasie	B	uitreiker van banknote
1.3.4	Die Suid-Afrikaanse Reserwebank	C	die verhouding tussen die insette en uitsette
1.3.5	Die staat as entrepreneur	D	'n algemene styging in die pryse van goedere en dienste
		E	konsentrasie van mense in stede en dorpe ter wille van beter werksgeleenthede

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Die betaling wat een persoon (of groep) ontvang en daarna aan ’n ander persoon (of groep) oorbetaal, sonder dat ’n produktiewe diens gelewer is.

2.1.2 Wanneer nasionale inkome bereken word en sowel klaarprodukte as onafgewerkte goedere ingereken word.

2.1.3 Die monetêre waarde van nasionale inkome word by prysverhogings aangepas.

2.1.4 Die totaalbedrag van die bydrae van elke produksiefaktor in die produksieproses van goedere en dienste, bestaande uit die koste van die produksiefaktore in die produksieproses, naamlik lone, salarisse, huurgeld, rente en wins.

2.1.5 Die proses waarvolgens die produktiewe vermoë van die ekonomie met verloop van tyd toeneem, sodat daar ’n toename in die vlak van nasionale inkome is.

(5 × 2) (10)

2.2 ‘Vakbonde is hoogs effektief in die omsetting van die voorskrifte van die reg in werklike voordele vir hul lede.’

Beantwoord die vrae in die lig van hierdie stelling:

2.2.1 Verduidelik kortliks die begrip *vakbond.* (2)

2.2.2 Onderskei tussen *versoeningsrade* en *nywerheidsrade.* (4)

2.3 Die grafiek hier onder dui inflasiekoers en vooruitskattings tot die jaar 2022 aan. Lees die grafiek en beantwoord die vrae.

Suid-Afrika: Inflasiekoers van 2012 tot 2022 (vergeleke met die vorige jaar)



© Statista 2018

2.3.1 Omskryf die begrip *inflasie*. (3)

2.3.2 In watter jaar was die inflasie die hoogste? (1)

2.3.3 In watter jaar was die inflasie die laagste? (1)

2.3.4 Bereken die persentasieverandering in inflasie tussen 2016 en 2017. Wys ALLE berekenings. (3)

2.3.5 Verduidelik kortliks die uitwerking van inflasie op die volgende groepe in die ekonomie:

(a) Beleggers

(b) Debiteure en krediteure

(4 × 2) (8)

2.4 Onderskei tussen die volgende:

2.4.1 Devaluasie en depresiasie van die geldeenheid.

2.4.2 Swewende wisselkoers en beheerde swewende wisselkoers.

2.4.3 Invoerkwotas en uitvoersubsidies.

(3 × 4) (12)

2.5 Waarvoor staan die afkorting *HOP*? (2)

2.6 Verduidelik kortliks beperkings wat op vakbonde betrekking het. (4)
[50]

VRAAG 3

3.1 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die onderstaande lys te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (3.1.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

nasionalisering; regstellende aksie; privatisering; deregulering; ontwikkeling

3.1.1 Die proses waarvolgens die lewenstandaard van die meerderheid van die bevolking met verloop van tyd verhoog.

3.1.2 Die proses waarvolgens die maatreëls wat deur die staat toegepas word om transaksies tussen private partye te beheer met die doelwitte in ooreenstemming gebring word.

3.1.3 Dit is 'n manier om die werksplek meer verteenwoordigend en billik te maak deur te verseker dat gekwalifiseerde mense uit aangewese groepe (insluitend swart mense, bruin mense en Indiërs), vroue en mense met gestremdhede gelyke geleenthede in die werksplek het.

3.1.4 Dit verwys na die proses waardeur 'n staat beheer oor 'n maatskappy of bedryf oorneem, wat oor die algemeen plaasvind sonder vergoeding vir die verlies van die netto waarde van bates waarop beslag gelê word asook die verlies aan potensiële inkomste.

3.1.5 Die proses waardeur 'n onderneming of bedryf van die openbare sektor na die private sektor oorgeplaas word.

(5 × 2) (10)

3.2 Bestudeer die grafiek hier onder en beantwoord die vrae.

Die verhouding tussen geldvoorraad en rentekoers



3.2.1 Watter tipe beleid sal die Suid-Afrikaanse Reserwebank gebruik om die bostaande situasie te beheer? (2)

3.2.2 Ms1 is die oorspronklike geldvoorraadkromme. Verduidelik wat met die rentekoers en geldvoorraad gebeur as die kromme na Ms2 beweeg. (4)

3.2.3 Noem enige TWEE faktore wat die geldvoorraad beïnvloed. (4)

3.3 'Soft Tissues BK' is die onderneming wat sneespapier in die gemeenskap produseer. Die onderstaande tabel verwys na 'n vraag na arbeid en die aanbod van arbeid in hierdie bedryf.

Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

LOON (R)	VRAAG NA ARBEID	AANBOD VAN ARBEID
1 500	220	100
1 650	200	150
1 900	185	185
2 000	170	200
2 200	150	220

3.3.1 Omskryf die begrip *arbeidsaanbod*. (2)

3.3.2 Teen 'n loontarief van R2 000 kom 'n (tekort aan/surplus) arbeid voor. Kies die korrekte antwoord, en wys ALLE berekenings om jou antwoord te staaf. (3)

3.3.3 Verduidelik kortliks wat teen 'n loontarief van R1 900 gebeur. (2)

3.4 Op 10 Maart 2018 is $1 = R11,82.

In die lig van die bogenoemde stelling, bespreek wisselkoers onder die volgende opskrifte.

3.4.1 Omskrywing. (2)

3.4.2 Indien $1 vandag R12.18 is, (appresieer/depresieer) die rand teenoor die dollar? Kies die korrekte antwoord: (2)

3.4.3 Gebaseer op die inligting in VRAAG 3.3.2, wat sal die uitwerking op die betalingsbalansrekening wees? (3)

3.3.4 Gee VIER faktore wat die wisselkoers beïnvloed. (4)

3.5 Bespreek die proses wat in die onderstaande diagram plaasvind.



EKONOMIESE SIKLUS (8)

3.6 Wat is die verskil tussen *bruto nasionale produk* en *bruto binnelandse produk*? (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 Dui aan of die volgende 'n oorsaak, gevolg of maatstaf van werkloosheid in Suid-Afrika is.

4.1.1 Duur vaardighede en potensiële vermoë gaan verlore.

4.1.2 Die afname in ekonomiese aktiwiteit.

4.1.3 Die vermoë van die ekonomie om meer werksgeleenthede te skep.

4.1.4 Die totale getal mense wat in die formele sektor werksaam is, afgetrek van die totale ekonomies aktiewe bevolking.

4.1.5 Onderbenutting van sommige van die ander produksiefaktore.

(5 × 2) (10)

4.2 Demonstreer jou begrip van die besparingsmotiewe deur EEN voorbeeld van elk te verstrek. (6)

4.3 Die inligting hier onder verwys na nasionale inkome van 'n land. Gebruik die tabel om die vrae te beantwoord.

	2015	**2016**	**2017**
Bevolking	62 miljoen	63,5 miljoen	64,3 miljoen
Prysindeksdeflator	100	120	140
Nominale nasionale inkome	426 miljoen	442 miljoen	482 miljoen

4.3.1 Bereken die reële per capita-inkomste vir 2016. Wys ALLE berekenings. (4)

4.3.2 Bereken die reële nasionale inkome vir 2017. Wys ALLE berekenings. (3)

4.3.3 Dui aan of daar 'n afname of toename in ekonomiese groei tussen 2016 en 2017 was. Wys ALLE berekenings. (3)

4.3.4 Noem enige DRIE gebruike van die berekening van nasionale inkome. (3)

4.4 Bespreek fiskale beleid onder die volgende opskrifte:

4.4.1 Omskrywing. (3)

4.4.2 Noem die instrumente van die fiskale beleid. (6)

4.5 Noem VIER faktore wat die ekonomiese groei beïnvloed. (4)

4.6 Omskryf die begrip *ekonomiese siklus.* (3)

Kopiereg voorbehou

4.7 Elke staat in enige land het funksies om uit te voer.

Met verwysing na Suid-Afrika, bespreek ekonomiese welvaart as een van die funksies wat deur die staat voorsien behoort te word. Verstrek ook een voorbeeld. (5)

[50]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die foto hier onder en beantwoord die vrae:



5.1.1 Watter probleem van ekonomiese ontwikkeling word in die foto hier bo uitgebeeld? (2)

5.1.2 Verduidelik die maatreëls wat tans toegepas word om hierdie probleem te hanteer. (4)

5.2 Ekonome verwag sterker groei om uiteindelik arbeidsmarksentiment te versterk. Bespreek Suid-Afrika se arbeidsprobleem. (12)

5.3 Bespreek die volgende ekonomiese redes vir proteksionisme.

5.3.1 Gevare van storting.

5.3.2 Dit voorkom dat ’n land oorspesialiseer.

(2 × 4) (8)

Kopiereg voorbehou

5.4 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Die donker kant van Begroting 2018: BTW-nakoming

Dit lyk asof belastingadministrasie en nakoming op die agtergrond geskuif is in die voortgesette stryd om die tekort aan inkomste te befonds. In hul kommentaar op die Begroting 2018 berig belastingkonsultante dat belastingpligtiges in die afgelope jaar verhoogde belastingadministrasie- en nakomingsprobleme met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) ervaar het.

[Bron: *www.fin24.com] (vry vertaal)*

5.4.1 Wat is die huidige BTW-koers? (2)

5.4.2 Gestel die verkoopsprys van jeans in Januarie 2018 was R499.00. As gevolg van die verandering in die BTW-koers verander die verkoopsprys vanaf 1 April 2018.

Bereken die nuwe verkoopsprys van dieselfde jeans. Wys AL die berekeninge. (3)

5.4.3 Verduidelik kortliks die uitwerking van so ’n verandering in BTW in die verbruikers se mandjie goedere. (3)

5.4.4 BTW is ’n voorbeeld van direkte belasting. WAAR/ONWAAR? (2)

5.5 Bespreek die vereistes van ’n goeie loonstelsel. (8)

5.6 Verduidelik die begrip *tydloon*. (2)

5.7 Noem enige TWEE metodes om nasionale inkome te verhoog. (4)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou